BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 24

In les 22 het ons vasgestel dat mense in twee groepe verdeel word volgens die Bybel, naamlik: die wat die Gees van God het en diegene sonder die Gees van God. Maar ook onder gelowiges onderskei die Bybel tussen diegene wat onvolwasse is in die geloof teenoor hulle wat gelykvormig leef aan die beeld van Christus. Maar hoe lyk 'n gelowige wat gelykvormig leef aan die beeld van Christus? So 'n gelowige is:

- Leeg van homself en ingestel op ander;
- Hy lewe in volmaakte gehoorsaamheid aan God;
- Hy is 'n navolger van Christus en leef soos Hy geleef het;
- Hy is hartseer oor verlorenes en soek die redding van sondaars;
- Hy lewe volkome onder heerskappy van die Heilige Gees.

Maar hoe kom ek daar? Die groei na geestelike volwassenheid het 'n goddelike en 'n menslike kant. Dit is aan die een kant geheel en al genadewerk van God. Die Heilige Gees verander ons al hoe meer na die beeld van Christus deur wedergeboorte en bekering en heiligmaking. Aan die ander kant het ons ook 'n verantwoordelikheid. Deur daaglikse berou en bekering moet ons met die sondige wêreld breek, en die lewe van die nuwe mens leef.

DIE GEES LAAT JOU OP JOU KNIEË GROEI.

'n Christen groei in die geloof deur Bybelstudie en óók deur gebed. Maar wat is gebed? Volgens die Woord is gebed veel meer as om net met God te praat. In beginsel is ons hele wese by gebed betrokke.

1. LEES 1Samuel 1:15; Psalm 62:9; Klaagliedere 2:19 [1953-vertaling].
   In elk van hierdie Skrifgedeeltes kom dieselfde eienskap van 'n gebed voor. Kyk of u dit kan vind en voltooi die volgende sin:
   Gebed is om:

2. LEES Psalm 102:1; 142:3.
   Gebed is om:

3. LEES 1Petrus 5:7.
   Gebed is om:

4. LEES Psalm 95:6 [1953 vertaling]: *Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die Here wat ons gemaak het.*

   Gebed is om:

5. In vraag 1-4 het ons vier gedagtes rondom gebed gevind. Lees 'n verklarende Bybel en kyk of u die verskillende gedagtes en teksgedeeltes nader kan verklaar:

   a. Gebed is om jou siel voor God uit te stort.

   b. Gebed is om jou klag[tes] voor die Here uit te stort.

   c. Gebed is om ons bekommernisse op Hom te werp.

   d. Gebed beteken aanbidding.

6. LEES Judas vers 20.
   Wie gee vir ons krag om te bid?

7. LEES Romeine 8:23.
   Is gebed net woorde?

8. LEES Romeine 8:26.
   Wat is die swakheid waarvan vers 26 praat?

9. LEES Romeine 8:26-27.
   Wat doen die Heilige Gees wanneer ons met ons gebede worstel?

10. LEES Romeine 26 en 34.
    Hier lees ons dat beide die Heilige Gees en Christus vir ons pleit. Hoe moet ons dit verstaan?

11. LEES Openbaring 8:1-5.
    Wat leer hierdie gedeelte ons oor ons gebede in die hemel?

B. ANTWOORDE.

1. Gebed is om jou siel voor God uit te stort.
2. Gebed is om my klag voor God uit te stort.
3. Gebed is om al my bekommernisse op Hom te werp.
4. Gebed is om God te aanbid.
5. a. Die woordjie siel beteken letterlik ‘asem’. Deur gebed haal ons as’t ware asem voor God. Gebed is ons lewe. Daarmee saam staan ons op heilige grond. Let op hoe daar elke keer gepraat word van ‘voor die Here’. Dit is om as’t ware van aangesig tot aangesig met die Here te praat. In die laaste plek beteken gebed dat ek myself volledig voor die Here oopmaak of leegmaak [uitstort]. Hierdie oopmaak van jou siel is ruim en sluit alles in wat jy vir die Here wil sê.

   b. Dit is nie maar klagtes in die algemeen nie. Die woord klag[tes] dra 'n emosionele betekenis. Dit is iets wat jou pla – dryf – omkrap, tot so 'n mate dat dit jou lewe oorheers. Volgens die Verklarende Bybel [Deel 2] beteken die woord: om van koors te bewe. So beteken gebed dat ek met alles na die Here kan gaan. Ek mag vir Hom sê wat in my hart is maar ook my emosies.

c. Waar ‘klagte’ rus op ons emosionele probleme, dui bekommernisse op dit wat jou in die alledaagse lewe pla. Letterlik beteken die woord: dit wat jou vasdraai. Wat moet ek hiermee maak? Ek moet dit op die Here werp. Letterlik: ek moet dit bo-op die Here gooi en nie voor Hom soos in vraag 1 en 2 nie. Die woordjie ‘werp’ beteken ook dat 'n saak afgehandel is. Na my gebed mag ek nie weer die vrag van my bekommernis optel en self verder dra nie. Ek het dit mos klaar vir die Here gegee.

En dit is die wonder van gebed:

- Dit laat my voor die Here leef.

Maar dit beteken ook om gehoorsaam te reageer op God se diepste begeerte om van sy kind te hoor:

- Hoe dit met hom gaan.
- Waar hy hom bevind.
- Wat die begeerte van sy hart is.

6. Die Heilige Gees gee ons krag om te bid. Sonder Hom is gebed nie moontlik nie.
7. In hierdie vers sug nie net gelowiges nie, maar ook die skepping. Hulle sug is 'n gebed na die wederkoms van Christus. 'n Gebed as net 'n sug is ook moontlik.
8. In die eerste plek is dit die onvermoë van gelowiges om vir die eindtyd te bid omdat ons nie mooi weet wat en hoe ons moet bid nie. In die tweede plek lê hier 'n dieper openbaring opgesluit: dit gebeur dikwels dat ons oor die algemeen sukkel met ons gebede. Dit is die swakheid waarvan hier gepraat word.
9. Die Heilige Gees tree dan self vir ons in met ‘versugtinge wat nie met woorde gesê word nie’. Dit beteken dat Hy in hemelse taal [wat vir God verstaanbaar is] vir ons bid. Die Heilige Gees voltooi al ons gebede volmaak.
10. Die Heilige Gees pleit [bid] vir ons by Jesus Christus wat op sy beurt vir ons intree by die Vader.
11. Die halfuur stilte verduidelik dat daar altyd in die hemel tyd en aandag is vir 'n gelowige se gebed. Die goue wierookbak wys as beeld na die Ou Testamentiese Tempeldiens en is hier simbool van al die gelowiges se gebede wat na God opgaan. Die wierook en die engel is Jesus Christus wat al die gebede suiwer en na die Vader bring. Die wierookbak wat in vers 5 op die aarde uitgegooi word, is simbool van gebedsverhoring.

****